***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Vrees en ellende – God se ingryping - Geloofstryd -– *1/11/62*

**8317** Julle kan dit as vanselfsprekend aanvaar dat julle binnekort die laaste fase voor die einde sal binnegaan. **Want die tekens wat voorspel is in Woord en Geskrif sal opvallend wees**.

Maar onder geen omstandighede sal julle gedwing word om dit te glo nie, want elke persoon is vry om sy eie verduideliking te vind of dit ooreenstem met die waarheid al dan nie. Maar die **geestelik ingestelde persoon** sal weet dat 'n tydperk tot 'n einde kom, en hy sal ook weet dat 'n nuwe een weer sal begin, omdat ontelbare geestelike wesens nog verlos moet word, wat die weg oor die aarde gedeeltelik in 'n beperkte toestand en gedeeltelik as vrye wesens gaan met die doel om terug te keer na God.

Alles sal plaasvind in 'n **wettige orde**, beide die ontbinding van die skepping, asook die hervorming van die aarde, want God se Verlossingsplan is voorafbepaal vanaf die ewigheid.

En as gevolg van julle ewige God en Skepper se groot genade, word julle mense wat in die laaste dae lewe, **toegelaat om ingelig te word** van wat vir julle voorlê. Julle sal opgeneem word in Sy plan van Verlossing as julle die waarheid daaroor wil weet, en **daarom kan julle sy Woord ontvang** wat julle in alle waarheid inlig van alles wat betrekking het op die skeppingsdaad en vergoddeliking.

Want dit is nie Sy wil dat julle die einde in volledige onkunde moet ervaar nie, omdat, as julle slegs oor 'n klein sprankie insig beskik, julle 'n poging sal aanwend om die doel van julle aardse lewe te vervul, wat behels **dat julle die daad van vergoddeliking tot stand sal bring** in die aardse lewe en dus julle doel bereik.

Maar dit verg egter julle vrye wil om die waarheid te ken en dan sal julle ook in staat wees om alles te glo wat aan julle mense deur **die Woord van God** van bo oorgedra word. Dan sal julle dit ook geloofwaardig vind dat die einde en 'n totale omvorming van die aarde naby is, want julle gees sal baie dinge aan julle verduidelik en alle ooreenkomste sal in plek val. En so sal julle ook in staat wees om gebeure in die wêreld waar te neem wat ontstellende gevolge vir die hele mensdom sal hê.

Julle sal sien hoe **mense teen mekaar opstaan** en die maatreëls wat almal neem om hul gesag te laat geld. Julle sal baie bang word, want julle mense sal bedreig word deur 'n **uitwissende oorlog van ontsettende omvang** wat alles sal uitwis, daar sal wydverspreide vrees wees wat **net die paar sal verbygaan wat hulself heeltemal oorgegee het aan hul God en Skepper**, hulle Vader van ewigheid, en wat daarom uit alle teëspoed gelei sal word.

En Sy begeleiding sal waarlik merkwaardig wees, want Hy sal Self ingryp. Maar in plaas van 'n afname in die verdrukking, sal dit baie erger word, want dan sal mense gekonfronteer word en aan die genade oorgelaat word **van 'n natuurlike katastrofe**, 'n woede van die elemente, wat nie menslik voorkom sal kan word nie, want dit is die uiting van die Mag Wie in beheer is van alle magte en Wie die elemente gehoorsaam in ooreenstemming met Haar wil.

En dit sal die aanbreek van 'n tyd wees wat werklik as die grootste ellende ooit op hierdie aarde beskou kan word. Maar dit sal weereens nie heeltemal so erg gevoel word deur Syne nie, **want hulle kan God se buitengewone hulp te alle tye ontvang**.

Maar diegene wat ver van hulle God en Skepper staan, wat nie glo in Sy Liefde en Wysheid en Sy groter as groot Mag nie, **sal groot nood moet ly**, want hulle sal nie 'n beroep op die Een doen wat hulle kan help in hul nood nie. Hulle sal Hom nie erken nie en sal nog steeds van dieselfde **opponerende gees** wees as wat hulle was ten tye van hul afval van God, en sal dus **weer terugkeer na die afgrond**, van waar hulle reeds hulself opgehef het met die hulp van God en hulle moes slegs hul laaste wilstoets slaag om heeltemal verlos te word van alle skuld.

Want in die laaste dae sal 'n brutale stryd uitbars teen JaHshua Messias, **Wie julle mense sal moet erken** as God se Seun en Verlosser van die wêreld **in Wie God Self mens geword het**, sodat julle dan die geesteryk kan ingaan in 'n verloste toestand.

Maar God se teenstander sal oorlog verklaar teen al die mense wat in Hom glo, en daarom sal almal Hom in die openbaar voor die wêreld moet bely. **En slegs diegene wat Sy Woord aanvaar het wat van bo oorgedra is na die aarde, sal in staat wees om Hom te bely,** want hulle sal die waarheid herken en weet wie JaHshua Messias was en waarom Hy erken moet word, en hulle sal getrou bly aan Hom tot aan die einde en sal behoort aan **diegene wat weggeneem sal word wanneer die dag van die einde aanbreek**.

Die geloofstryd sal die laaste toets vir julle mense se uithouvermoë wees, maar julle wat die waarheid ken, sal slaag. **Dit is waarom God weer en weer Sy Woord na die aarde oordra**, sodat al die mense kan deel hê aan die Waarheid ten einde Haar ook te handhaaf voor die wêreld gedurende die finale geloofstryd, want **slegs die Waarheid** sal hulle die inligting oor JaHshua Messias kan gee, en **slegs geloof in Hom** sal julle die Krag gee om te volhard tot die einde, totdat Hy Self kom om julle in Sy koninkryk op te neem. Amein.